ment. Hulle moet nie wag dat andere kandidate stel, en dan mar net vra, ver watter een van die kan ons nou beste stem nie. Né, hulle moet self hulle kandidate stel in elke kiesafdeling. En daarby moet nie gevraag worde wie die meeste *geld*, of selfs nie wie die meeste *invloed* het nie, né, vooran moet staan ons *beginsel;* 'n kandidaat wat nie volkome ons beginsels deel nie moet gen enkele stem kry van enige lid van ons Bond nie. Met *halwe* manne kan ons nie tevrede wees nie, daardeur is ons al te veel misleid. Gen skikkings met andere partye; gen halve maatreels nie. Nè, elke kandidaat moet vooraf ondervraag worde en moet sig verbinde om sig te hou an die beginsel van ons Bond. Kan ons geleerde en bekwame manne kry van die beginsels, goed en wel, dan geef ons hulle die voorkeur. Mar liewers eenvoudige onbekwame manne met goeie beginsels as bekwame met slegte beginsels. Enkele bekwame woordvoerders sal ons wel kry; lat sommige distrikte dus veilig manne stuur wat mar reg stem, al kan hulle nie baing praat nie." (*P.* 28 Nov. '78).

Aan die end van die stukke word 'n beroep op die volk gedaan :

"Wel, soos ons die saak voorgeleg het, is dit beste dat *die volk* begin. Enige buurt of wyk kan 'n begin maak. Waar twe of dri same die saak goedkeur kan hulle 'n kleine vergadering bele, lees die Regels voor. Maak 'n besluit waarin hulle dit goedkeur. Kies 'n plaselike Komité om eie reels te maak en begin te werk. En lat die dan verder in die distrik werk. Deel dit dan an die *Patriot* mé, en andere sal oek wel volge...

"Dit sal egter die saak groteliks bevorder as reeds bestaande inrigtings die saak same wil anvat. En hier eindig ons waar ons moet begin het met die saak, namelik met 'n beroep op die Genootskap van Regte Afrikaners, op die Hoofbestuur van die S. A. Boerebeskermingsvereniging, op die Albertse Boerevereniging, en veral op die Transvaalse Volkskomité.... Dit is goed dat bestaande Vereniginge die voortou vat en ons is daar seker van dat uit verskillende kante 'n stem van goedkeuring van die volk sal opgaan." (*P.* 12 Des. '79).

DIE ALBERTSE B. B. VERENIGING.

Dis nou die tijd om iets mee te deel omtrent die Albertse Boere Beskermings- Vereniging, reeds vroeër deur die "Patriot" genoem die "wakkerste en vurigste" van die drie Koloniale Verenigings (24 Okt., '79). Mnr. D. P. v.d. Heever kan die vader van die Vereniging genoem word. Hij was gewoonlik bekend onder die naam van „Oom Daantjie" en was daar trots op. Die Albertse Vereniging het in werkelikheid veel nader aan die Bond gestaan als die van die Weste; en was op die punt van organisasie meer op die Bonds- lees geskoei. Mnr. A. S. du Plessis geef in "de Tolk" 'n uitvoerige beskrijwing van die ontstaan

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daarvan. Aan die no. van 1 Sept., 1882 word die volgende ontleen :

"Omtrent 3 of 4 jare gelede het daar in Wyk No. 4 van di distrik Albert enige vrinde meermale bymekaar gekom om oer di kritieke toestand van di land te spreek, hoe dit bes te verhelp is, ens. By sekere geleentheid werd di wenselikheid besproke, om oek in ons distrik 'n staatkundige vereniging op te rig, in navolging van di toen pas ontstane B. B. Vereniging en di Ge nootskap van regte Afrikaners. Ter selfder tyd kom dit my ter ore, dat in di wyke Ventersstad en Suurberg 'n vereniging begonne is, onder die naam van "Albertsche B. B. Vereniging.' Hierop ontvang ek 'n kennisgeving van myn Veldkornet, dat ek en die Ed, heer J. Joubert (nou Parlementslid) en meneer J. Henning gekose was, op 'n publieke vergadering tot 'n voorlo pig komité om 'n tak van di Albert B. B, Vereniging op te rig, in ons wyk. Nagenoeg op genoemde wyse is ons vereniging ontstaan.

"Daarna had die verskillende takke toen slegs in 4 wyke, 'n algemene vergadering op Burgersdorp, waar hulle tot een liggaam verenig werd en tesame 'n distriktsbestuur vorm, by welke geleentheid hulle 19 punte, wat as resolusies gepasseer werd, as hulle Program van beginsels gestel het. Later werd nog 4 ander daarby gevoeg, waarvan een die besluit bevat het, di Parlement te petisioneer, om Hollans in di Huis toe te laat. Di Program werd in di tyd goedgunstig deur di "Patriot" opgeneem, wat dit op manmoedige wyse teen laster en beskimping verdedig het."

Die Program, waarvan mnr. Du Plessis spreek, had betrekking op die Paswet, mag van veldkornette, huisbelasting, konfederasie, brandsiektewet en andere materiële belange. (*P.* 24 Okt., '79).

Die beroep van die "Patriot" op die Vereniging was nie heelmaal tevergeefs nie. 19 Maart, 1880, het mnr. Du Plessis daar die Bond ter sprake gebreng. Mnr. Hopley het toen gevraag: "Vanwaar kom dit?" Mnr. Du Plessis: "Van de Paarl". Mnr. H.: "Tog nie van die "Patriot" nie?" Mnr. Du Pl. : "Ja". Mnr. H. : "As jij na die "Patriot" sijn willekeur sal handel dan moet al die koerante daarvoor plaas maak." Mnr. Du Plessis sou die saak toen weer voorbreng. (*P.* 10 April, '80).

Intussen het die "Patriot"- redakteur daarheen geskrijwe en hul versog om die "eerste kragtige stoot" aan die Bond te gee. Maar die brief het nie betijds aangekom nie. Ewewel beloof die voors. en sekr. van die Tak om hul daarvoor te beijwer. (*P.* 16 April, '80).

WEERKLANK BIJ DIE VOLK.

Al het g'n bestaande Vereniging dadelik die Bond-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

saak opgevat nie, tog het die "Patriot" s'n roepstem weerklank gevonde. Die redakteur seg :—

"Ons voorstel tot oprigting van so 'n Bond het, soos ons vroeger al erken en geseg het, nie so veul byval gevonde as ons *gewens* het, en tog oek nie minder as ons *verwag* het nie, en daarby gevoeg dat ons dit goed kon voorsien dat ons mar saadkorrels uitstrooi wat langsaam sou ontkiem en molik eers na verloop van jare vrugte sal oplewer, wat dan weer sal toon dat die *Patriot* nie ver syn tyd *agter* is soos sommige denk nie mar wel *voor*. In die verwagting word ons meer bevestig, deur die instemming met, en goedkeuring van die plan, wat byval gevonde het in die *hart* van ons bevolking, soos ons met genoege van verskillende kante verneem. Gedurig kry ons dan oek anvraag ver exemplare van die voorgestelde Bond, waarvan nog enige exemplare van die 1000 wat ons lat afdruk het, voorhande en op anvraag te kry is.

"Ons verwagting is selfs ver o'ertroffe. In die distrik van Hope Town het die saadkorrels nie alleen dadelik wortel gevat nie, mar reeds vrugte begin te dra." (*P.* 13 Aug. '80).

STIGTINGSVERGADERINGE.

Hier word gesinspeel op 'n vergadering gehou op 16 Junie, op die plaas van mnr. Jan Wiid, Rooi-Dam, nadat die boekies oor die Bond daar in die rondte versprei was. Dadelik werd die registrasie van kiesers aangepak en als werkende Komitee daarvoor benoem : G. A. Schoonbeek, B. J. Viljoen, J. A. Viviers, B. J. Badenhorst en P. H. de Klerk. Die korrespondent besluit aldus : "Alle eer kom mejuf. Wiid toe ver die heerlike tafel wat sij klaargemaak het ver die gaste. Mog alle distrikte ons navolg en die oprigting van die Bond tot veel seen wees ver ons Afrikaanders". (*P.* 16 Julie, '80).

Aan Hope Town s'n Afrikaners kom dus die eer toe, *dat hul die eerste Bondstak gestig het.*

In September het toen Calvinia gevolg en in Desember Petrusville (Kijk "Patriot" 24 Des., '80 en 4 Maart, '81).

In die laas-aangehaalde no. sê die redakteur : "Ons het 'n menigte briewe oor die Bond, van verskillende kante, wat egter met ons anmerkings moet oorstaan tot vollende week. Dit lijk of die saak nou wortel vat."

Tipies-mooi is die twee verslaë van die eerste Petrusvillese vergaderings, wat noodsakelik aan die vergetelheid moet ontruk worde. Dit gee ons 'n goeie kijk op toestande in die daë.

Die eerste verslag lui als volg :

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"Gister, (Donderdag, 9 Des. 1880) was hier 'n bijeenkoms om te sien of er iets an die Bond kan gedaan worde om hier ook 'n tak op te rig. Meer as 20 persone het daartoe saamgekom. Meneer P. J. du Plessis werd voorgesteld as voorzitter, maar hij weier om dit aan te neem, omdat hij, soos hij seg, "nie graag 'n baantjie wil hè nie." Toen werd meneer Jonathan Fourie (Tuinfontein) as sodanig voorgestel, maar hij maak beswaar daarteen, dat hij nie "bra weet wat die Bond beteken nie," waarna hij toen ver meneer De Vos as voorsitter voorstel, wat daar weer beswaar teen had, omdat hij vollens sijn gedagte daartoe nog te jonk, en daar bekwamer persone teenwoordig was, daarom sou hij liwer sien dat 'n ander dit wil anneem; waarna meneer Petrus van der Walt (Doornfontein) voorgestel werd en dit aangeneem het.

Die voorsitter seg toen dat hij self nog nie reg verstaan wat die Bond beteken nie, maar so ver as hij dit begrijp denk hij dat dit een van die beste dinge is wat ons kan doen om oek hier so 'n Bond op te rig. Meneer De Vos het toen so hier en daar geseg wat die nut van so 'n Bond is so ver hij dit verstaat, en seg ook dat ons van dag nie veul kan doen nie, mar bij makaar gekom het om die gevoelens van die vrinde daaro'er te hoor en dan aan te gaan om te werk.

Meneer P. J. du Plessis stel toen voor om die 5 January 1881 weer bij makaar te kom, dan kan ons intussen daaro'er nadenk om dit beter te verstaan en meer algemeen in die omtrek bekend te maak, want die meeste mense het niks van die bijeenkoms geweet nie; te gelijkertijd het hij ook 'n versoek aan meneer De Vos gedaan om dit bekend te maak deur middel van die *Patriot*.

Meneer De Vos seg toen, hij denk dat dit nou tijd is om te sien wat gedaan kan worde tot nut van ons land en volk, want ons Afrikaners is al lank genoeg verdruk geworde deur Uitlanders en Fortuinsoekers.

Nadat die voorsitter nog 'n woord van bemoediging gesproke het, is die vergadering uiteen gegaan in 'n gunstige verwagting dat al wat dit kan doen nie sal agterblij nie om die Bijeenkoms op die 5 January 1881 bij te woon." *(P.* 31 Des. '80*)*.

Die tweede is van die volgende inhoud:

"Gister (5 Jan. 1881) was hier 'n byeenkoms om 'n tak van die Afrikaner Bond op te rig. Die opkoms was, behalwe 'n antal perde ruiters, was hier nege karre met mense om die byeenkoms by te woon.

"Meneer Petrus van der Walt van Ventersvlei werd tot Voorsitter gekies. In syn openingsaanspraak seg hy o.a. verblyd te wees dat so vele mense byeengekom het as 'n blyk van ontwaking wat syn hart goed doet. Syn wens is dat die Bond van 'n goeije uitwerking mag wees. Verder gaf hy geleentheid om vra'e te doen, waarvan 'n paar vrinde dan ook gebruik gemaak het.

"Daarna seg meneer Tjaart van der Walt hy hoop dat die vrinde al ondervinding genoeg gehad het om wys te worde, en seg die oorsaak van die laste wat ons druk is, omdat er te min belangstelling is in politieke dinge. As daar 'n wet in swang is voor die Parlement wat nie na ons sin is nie, dan sit ons stil in plaas van ons stem daarteen te lat hoor, so was dit met die Burgerwet en Ontwapeningswet; o'er die eerste het meer as een gedink hy sal nie noodig hê om soldate

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

werk te doen nie, o'er die ander dat dit nie sal deur gaan nie ens, en nou sit almaal met die hande in die hare, had julle toen betyds daar teen julle stem lat hoor, dan was die wette nie deurgegaan nie, mar nee, toen was julle stil en *koud*, nou is dit te laat, kla'e help nou nie. As 'n mens koud is in die tydelike belange, dan is daar weinig verwagting dat hy belang sal stel in syn eeuwig welsyn. Kyk hoe die Heere ons gestraf het in die laaste tyd met siektes, droogtes, oorloge, ens. en ons wil nog nie hoor en wakker worde nie, ons verhard ons hart nes Faraö, Meer as een syn eersgeborene is na die oorlog toe. Laat ons tog hoor en wakker worde, en nie stil sit as die Basuto-oorlog verby mag wees nie, maar laat ons die hande in een slaan tot nut van land en volk. Toen ek nog jonk was, wou die Regering 'n party Rowers of Bandiete hier invoer, maar die Afrikaners het eendragtig daarteen opgestaan, sodat die Regering dit nodig geag het om die Bandiete na 'n ander plek toe te stuur. Wil ons nou eendragtig wees om so veul molik alle kwaad te weer of voor te kom, laat ons dan met warme harte en wakkere hoofde meewerk, om die Afrikaner Bond tot stand te bring.

"Daarna het meneer Stef. du Plessis oek in 'n warme toespraak syn blydskap uitgedruk o'er die ontwaking wat hy reeds in die Afrikaners bespeur in die belange van die landsake, en ag dit noodsakelik dat die Menere wat na die Parlement gaat vooraf byeenkomste hou met die mense van die distrikte wat hulle verteenwoordig om hulle belange beter te kan voorstaan, en nie somar te stem teen die gevoele van syn kiesers nie. Verder is syn gedagte dat die kiesreg verhoog moet worde waardeur elke rondloper hotnot minder kans het om deel te neem aan die stemming, en wens die byeenkoms alle sukses toe.

"Nog meer vriude het in dieselfde gees gepraat, waarna die Voorsitter seg dat er 'n komite bestaat van die B. B. Vereniging, dog daar dit met die beweging 'n bietjie swak gaat - hoewel baing mense geteken het ver £1, ander ver 10s. ens.—ag hy dat dit beter sou beantwoorde as die beweging in die Afrik. Bond opgelos word, en versoek die Sekretaris om daartoe 'n bijeenkoms van kometie-lede te bestel, waarna 'n komite benoem werd om reels op te maak ver die Bond. As lede werd daartoe gekose: menere A. de Clerk, A. van der Walt, A, Yzel, J. Fourie, C. Fourie, Petrus van der Walt, (Kalkpoort), Jak du Plessis (Klein Karmenatjeskraal), F. de Vos, J. Jooste, deur die Komite werd menere J. Fourie as Voorsitter en F. de Vos as Sekretaris daarvan gekies.

"Na nog 'n bietjie gepraat, gaat die Vergadering met nuwe moed uiteen." (*P.* 28 Jan. '81).

Die volgende reëls werd in verband met die Petrusvillese Bond opgestel en gee 'n idee hoe aktief en selfstandig die mense in die tijd opgetree het :—

### I. BEGINSELS.

1. Die Afrikaner Bond gaat uit van die Beginsel dat ons as Afrikaners ons eie algemene (sowel as bisondere) belange het, wat elke reggeaarde Afrikaner geroepe is voor te staan.

2. Om op die Maatskappij en die Staatkunde invloed uit te oefen is daar egter behoefte an 'n Vereniging of Organisasie wat alle kragte verenig ; en dit bedoel die Bond.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

3. Daartoe neem hij in sig op elkeen wat Afrika tot sijn vaderland gekies het, en Afrika's welvaart bedoel, onverskillig wat sijn nasionale afkoms is, of tot watter kerkelike of burgerlike partij hij origens behoor.

## II. DOEL.

1. Die Bond stel sig ten doel die welvaart en bloei van Suid Afrika in algemeen te bevorder, en insonderheid die ankweking van ware Nasionaliteitsgevoel.

2. Daartoe neem hij die regte en belange van elke afdeling der bevolking in beskerming, mar meer bisonder van onse Boerebevolking, wat tot nog toe te veul op die agtergrond geplaas was.

3. Vernamelik ag hij sig geroepe die Volkstaal in beskerming te neem waar die verwaarloos word op kerklik, maatskaplik en staatkundig gebied, veral in die skole.

4. In die staatkunde is hoofdoel: te sorge, dat die verskillende klasse der bevolking behoorlik verteenwoordig word in die verskillende Wetgewings, vollens hulle getalsterkte, en wel deur sulke ver teenwoordigers wat die Beginsels van die Bond toegedaan is.

5. Die Bond sal oek waak oer die Drukpers, om te verhoede dat nadelige beginsels versprei word, en te sorge dat die ontwikkeling van die bevolking op regte en behoorlike wijse bevorderd word.

6. Bisondere andag sal die Bond wij an bevordering van dege like en doelmatige onderwijs, veral van onse Boerebevolking.

## III. MIDDELE.

Die Lede moet trag om die doel te bereik deur die vollende middele:

1. Deur die Bond so veel mogelik te help uitbrei, tot alle Kolonies van ons land, en alle klasse van ons bevolking.

2. Deur Volks- en Bestuurs Vergaderinge te hou.

3. Deur te sorge ver registrasie van kiesers, en nominasie en eleksie van behoorlike verteenwoordigers.

4. Deur verspreiding van degelike en nuttige boeke en geskrifte, na die behoefte en vatbaarheid van die bevolking.

5. Deur goeje koerante te erken en te bevorder, en andere op te rig teeno'er nadelige, of waar behoefte daaran bestaat.

6. Deur Prijsvrage uit te skrijwe.

## IV. INRIGTING (ORGANISASIE).

1. Die Bond beperk sig nie tot die Kolonie, mar omvat heel Suid Afrika.

2. Elke stemgeregtigde burger kan *lid* van die Bond worde deur betaling van 'n kleine jaarlikse bijdrage en ondertekening van die reels.

3. Elke distrik het sijn eie *plaselike bestuur*, gekose deur die plaselike lede met reg om eie huishoudelike bepalings te maak mits nie in strijd met die algemene bepalings nie.

4. Elke Kolonie, of Staat, of Republiek het sijn aparte *Provinsiale Bestuur*, verkose deur die plaselike besture, en lewenslange en algemene lede, wat oek weer hulle eie regels opstel, o'ereenkomstig met die algemene bepalings.

6. Die Centraal Bestuur sal jaarliks 'n *Werkende Komite* anstel

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bestaande uit hulle eie President, Sekretaris, en Tresurier, met bijvoeging van enige raadgewende lede om me te raadpleeg in gevalle waar dit mog nodig wees.

7. Ieder lagere bestuur doet an di wat onmiddelik hoger is verslag van sijn besluite en handelinge.

V. GELDSAKE (ADMINISTRASIE).

1. Ieder lid ge jaarliks 'n kleine bijdrage seg 5s.

2. Deur 'n bijdrage van seg £10 word iemand 'n lewenslange en algemene lid, en kan dus in alle distrikte van sijn Provinsie deelneem as lid an enige vergadering, en an die kiesing van 'n Provinsiale Bestuur.

3. Ieder Provinsiale Bestuur regel sijn eie geldsake.

Hier moet ons vereers afbreek. Die onwraakbare feite, wat nou reeds eiëndom van die leser is, gee op die vraag: wie die Vader is van die Afrikaner Bond? net één ondubbelsinnige antwoord: Ds. S. J. du Toit, wat die plan in die "Patriot" ontwerp het, wat die plan uitgewerk en bij die volk ingewerk het.

Mnr. J. H. Hofmeyr het dan ook self verklaar op n Bondsmaal in Kimberley, 1891: "Hij wist niet vaarom hij geroepen werd de heildronk op de Bond te beantwoorden, daar hij toch niet de stichter van de Bond was; die eer komt toe aan Ds. S. J. du Toit". (*P.* 30 Aug., 1900).

## II. WORDENDE DINGE.

Ds. Du Toit het gesê, dat die Bond op Amajuba wortel gevat het. Op 'n ander plek, dat die sade uitgestrooi was en net moes wag op die gunstige geleënheid om te ontkiem. So was dit. Uit die volgende aanhaling blijk waar en hoe

DIE EERSTE TAKKE

ontstaan is. Die lesing daarvan sal seker op verskeie plekke aangename herinneringe uit 'n goeie oue tijd wakker maak.

"1. In die distrik van Hope Town is 'n Tak van die Bond opgerig met verskillende Comites, en het reeds fluks gewerk by die laaste registrasie om 'n menigte Boere te lat registreer,

"2. In September 1880 is in Calvinía ook al 'n tak opgerig, met Comites van 3 lede ver die Wyke: Hantam, Achter Hantam, Suid-Oos-Bokveld, Noord-Oos-Bokveld, en Brandvly, en daar was reeds sprake om weldra in Suid en Noord Bokveld Comites op te rig. Hulle regels het ons ontvang, en hoop ons vollende week op te neem, met anmerkings. Op Saturdag, 16

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

April, sal daar in die Publieke Skoolgebouw 'n publieke vergadering gehou worde, en 'n tiental vraagpunte besproke worde, waarop ons later terug kom.

" 3. An Petrusvilie is oek 'n Tak opgerig, waaran die B.B Vereniging daar sig met fondse en al o'ergege het. Van hulle het ons oek regels ontvang om na te sien. Dit sal ons vollende week publiceer.

"4. An Onder Sekoe Rivier (dist. Colesberg) is oek al 'n tak opgerig, en op 24 Maart sal op Petrusville 'n grote vergadering gehou worde, waartoe die inwoners van Colesberg, Hope Town. Philipstown en Petrusville uitgenodig word.

" 5. In die distrik van Kroonstad (Vrystaat) is oek 'n Tak opgerig, waarvan Meneer J. H. W. Wessels voorsitter is, en hy was uitgenodig om op Heilbron 'n grote vergadering te gaan bywoon 15 Feb.

" 6. Die *Express* het oek al 'n paar male die saak ter sprake gebreng, en dit lyk of die Redaksie die Bond in die hele Vrystaat, ja deur heel Afrika, so gou as molik is wil help tot stand breng. Ons kom hierop terug.

" 7. In Transvaal was hulle feitelik met die saak begonne toen die oorlog uitgebreek het. Berigte hiervan later.

" 8. Van Somerset Oos word gevraag : " Skryf ons tog, of die naam 'Somerset Oost Boerevereniging' nie net so goed sou kan passeer as 'n tak van die Afrikaner Bond, daar die naam 'Boeren-Bescherming-Vereniging' soveul tegenstand vind in ons byeenkoms."

" 9. By die Albertse B.B. Vereniging was die oprigting van 'n algemene Afrikaner Bond al ter sprake, en op die grote vergadering van 12 Maart sal die saak weer besproke worde. Meneer v. d. Heever, die alg. Voorsitter, het sig hier herhaalde lik sterk ten gunste van 'n Bond uitgelaat. Syn doel is een *Afrikaner* Bond en niks minder, en als hy geen vooruitsig had om die doel verwesenlik te sien nie, dan sou hy dadelik alle werk lat vaar." (*P.* 4 Maart '81).

Van 'n vergadering op Hamelfontein in die distrik van Colesberg gehou, skryf 'n korrespondent :

" Die 20ste Jan. 1881 is 'n dag wat deur die wyk Onder Zekoe Rivier in andenking sal gehou worde, omdat di dag 'n Afrikaner Bond daar gevorm is. Die belangstelling was groot, 51 persone teenwoordig. Meneer Petrus Venter (Bosduifkop) werd met algemene stemmen tot voorsitter gekies, meneer Petrus van der Walt tot Sekretaris (daar hy nie teenwoordig was nie) werd meneer De Vos as sodanig benoem). Menere De Vos, Jonathan Forie, en Abram van der Walt was ook teenwoordig, alhoewel hulle nie tot die wyk behoor nie, mar tot die Bond van P trusvil e. Die voorsitter leg an die verga ering d'e doel van d'e Bo d uit, en ve soek die Sekretaris om die "Afr. Bond" boekie voor te le s, wat die Sekretaris by sig had. Toen die Sekretaris klaar had vraag die Voors'tter of iemand "objektie" had teen wat voorgelees was uit die Boekie? "Ne niks, dis alles waar wat daarin st an! Dis nou tyd dat ons wakker word en opstaat, om ver ons volk

en land wat te doen." Die Voorsitter: as iemand iets te vra het kan hy maar vra. So hier en daar word toen so'n paar vra'e gedaan, wat die Voorsitter beantwoord. Toen gaat hulle tot die kiesing van 'n Komite. Die Sekretaris van die Petrusville "A.B." seg toen hulle het reels gemaak en as die Komite dit goedkeur kan hy vir die vrinde daarvan laat kry, gedrukte wat hulle lat druk het in die Perl by Oom Lokomotief. Hy lees dit toen voor, en seg: misskien maak Oom Lokomotief daar nog verbeterings an. Die reels word toe algemeen angeneem. (*P.* 18 Maart '81).

Die eerste takke het mees uitgegroei in die oostelike en noord-oosterlike dele van die Kaap-kolonie. In 1885, die jaar toen die Kongres op Beaufort Wes gesit het, maak die "Patriot" (10 Apr.,) nog die volgende opmerking:—

"Ofskoon di Provinsiaal Bestuur di slag in di Westelike Provinsi vergader het, tog was di Oostelike Provinsi veul beter verteenwoordig. Di Westelike afgevaardigdes het ni eens een derde (⅓) van ci Provinsiale vergadering uitgemaak ni. Is dit toe te skrywe an minder ontwikkelde nasionaliteitsgevoel in di Weste? Is dit gebrek an belangstelling? Ons vertrou dat Westerlinge 'n voorbeeld sal neem an hulle Oosterse broeders; dat hulle sal ontwaak tot besef van plig; dat Takke op plase as Stellenbos, Malmesbury, Tulbagh, Worcester, Ceres, ens. ni langer deur hulle afwesigheid op di Provinsiaal vergaderinge sal skitter ni."

PRAKTIESE WENKE.

Hoe moeilik dit in die eerste tijd gegaan het om die takke gestig te krij, kan blijk uit die praktiese wenke waar die "Patriot" gedurig van vol was. Die editeur was onvermoeid daarmee werksaam en het nooit 'n geleënheid laat verbijgaan om sijn volk onderwijs te gee in die eerste beginsels van 'n suiwer-demokratiese staatsleer. Hier volg 'n sitaat wat gerus nog kan bestudeer word:

"In die laaste tyd het ons wekeliks mededelings gege van Takke wat opgerig en vergaderinge wat gehou is. En tog kryg ons nog voortdurend briewe van belangstellende wat Takke wil oprig of opgerigte Takke wil organiseer en nie reg weet *hoe* die saak an te leg nie. Daarom geef ons hier enige praktise wenke om die saak te bevorder. Want dit word tyd om Provinciale Besture te kies ver die Kolonie en die Vrystaat (en so gou as kan ver Transvaal oek) en daarom ons vrinde wat nog takke wil oprig moet mar gou maak, dat hulle same kan verteenwoordig wees in die Hoofbestuur. Bowedien wens ons die hele organisasie van die Bond te druk in ons Almanak ver 1882, en dis 'n rede te meer om dit gou in orde te breng. Die hoofbeginsels van die Bond wys self an hoe die uitvoering daarvan moet wees.

"I. Die eerste hoofbeginsel is ons begin te bou nie van die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dak af nie, mar van die Fondament af. Ons stig nie eers 'n Hoofbestuur na ons sin om dan daarvandaan uit Takke te lat stig nie. Ne, ons Bond moet van onder af begin, syn fondament is die hart van ons volk, en daarvan moet dit, laag ver laag, opgebou worde. Uit die beginsel volg die vollende praktise regels:

"1. Waar 2 of 3 persone die saak insiet kan hulle in hulle wyk of veldkornetskap begin te werk, en met die wat met hulle wil samewerk 'n *Wykbestuur* kies. Hulle hoef nie te wag totdat *almal* in hulle wyk dit eens is nie; want dan word daar *nooit* 'n Wykbestuur gevormd nie. Die agterblywende kan altoos nog bykom.

"2. Waar 2 of 3 meer Wyke in 'n Distrik voor die saak is, kan hulle same 'n *Distriktsbestuur* kies, bestaande uit afgevaardigdes uit die Wyke. Hulle hoef nie te wag tot *alle* wyke eers toegetre is nie; want dan kom daar *nooit* 'n Distriksbestuur nie. En die agterblywende wyke kan altoos nog bykom, en sal eerder bykom, as hulle siet dat die ander tog vortwerk, sodat hulle belang is om oek me te doen.

"3. Sodra 'n 10 of meer distrikte in die Kolonie of Vrystaat of Transvaal eers hulle distriktsbesture gekies het, kan die besture weer same 'n *Provinciale Bestuur* kies. Hulle hoef weer nie te wag tot eers *alle* distrikte Takke opgerig het nie, want dan word daar nooit 'n Provinciale Bestuur gekies nie. En die agterblywende distrikte kan en sal dan te eerder volge.

"4. Sodra Kolonie en Vrystaat eers Provinciaal Bestuur het kan hulle same 'n *Centrale Bestuur* kies Hulle hoef nie juis te wag op Transvaal en Natal nie. Die sal wel volge so gou as hulle kan.

"Die toepassing van die eerste beginsel is dus van groot belang. Lat elkeen dit goed verstaan, en wie voor die saak is mar begin te werk. Ons Bond moet wees soos die piramide van Egypte, breed van fondament, mar altoos nouwer oplopende totdat dit in één punt uitloop, dis die *Centrale Bestuur.* Maar daarby kan ons nie *begin* nie, daar moet ons *eindig.*

"II. Die mag van ons Bond klim dus op, sodat die lagere telkens die hogere laag draag, en gen hogere bestuur het enige mag nie as wat hy van die lagere ontleen. Dis 'n twede beginsel van belang. Die Hoofbestuur moet nie eigemagtig handel en die drade trek waarna die lagere mar soos poppies moet dans nie. Ne, die mag is 'n opklimmende, sodat die differente Besture mar uit te voer het wat die lede wil. Hieruit volg weer enige praktise regels:—

"1. Die lede kies die Wykkomites, en behou dus die reg om hulle te herkies of te lat uitval nadat hulle werk.

"2. Die Wykkomítes kies afgevaardigdes uit hulle midde om same met die van andere wyke die Distrikskomites te vorm, waarin dus alle wyke verteenwoordig is.

"3. Die verskillende Distrikskomites kies weer same die Provinciale komite. (Hoewel hulle vryheid behou om 'n komitelid uit 'n ander distrik te kies, tog geloof ons dat die meeste Distrikskomites liwers 2 van hulle eie lede sal kies om hulle te verteenwoordig.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"4. En die Provinciale Komites kies weer same die Centrale komite.

"So blyf die *eenheid* bewaard deur die beginsel. Elke wyk is, so te seg, verteenwoordig, deur kiesing en magtiging, tot in die Centrale Bestuur.

"III. En tog die eenheid moet tog nie 'n kwellende juk worde nie. Die nodige *vryheid* moet daarby bewaard bly, en dis 'n derde beginsel van ons Bond. Enige algemene Beginsels word tot grondslag geleg en deur alle Takke goedgekeur, en later deur die Hoofbestuur nauwkeurig nagegaan en bekragtig. Die algemene beginsels blyf natuurlik bindend ver almal om eenheid te bewaar; mar daarom moet die Beginsels dan oek so kort en eenvoudig wees as molik is. Mar verder blyf elke Wykkomite en Distrikskomite en Provinciale komite vry om hulle *eie* huishoudelike Bepalings te maak, mits dit mar nie in stryd is met die algemene beginsels nie. Hieruit volg weer enige regels:

"1. Elke Wykbestuur maak syn eie regels ver syn wyk, en elke Distriktsbestuur ver syn distrik, en elke Provinciale bestuur ver syn Provincie. Mar elkeen seg net in een artikel, dat hulle die Algemene Beginsels van die Bond anneem. (Van die Algemene Beginsels is daar nou 'n opstel van die *Patriot* en een van die *Express*, hoofsakelik dieselfde, mar in bysake verskillend. Dit moet egter niemand hinder om die *Beginsels* an te neem nie, want a) in hoofsaak is hulle één, en b) dit word hersien deur die Hoofbestuur waarin alle Distrikte verteenwoordigd is, en daar hulle verteenwoordigers hulle beskouwings kan lat voordra).

"2. Elke Bestuur regel syn eie geldsake. Die Hoofbestuur kan nie mar al die geld opeis, om dan willekeurig na goedvinde daarme te handel nie. Ne, elke wijk en distrik syn geld blyf op die plek om an die belange van die wyk of distrik besteed te worde. Elke Wykskomite en Distrikskomite het dus syn eie Skatmeester. Oer algemene belange sou daar egter 'n bepaling kan gemaak worde dat een derde van die inkomste na die algemene Skatkis van die Bond moet vloei, deurdat elke Bestuur dit verantwoord an die Bestuur wat bo hom staat. Byv. die Wijkkomites geef 'n derde van hulle inkomste an die skatmeester ver die Distrikskomite, wat dit dan weer an die Provinciale Skatkis opsend. Onder bisondere omstandighede, soos nou met die Transvaalse oorlog waar geld vereis werd ver algemene belange, kan die Hoofbestuur daartoe 'n spesiale beroep doen op die lagere besture om meer by te dra.

"Ons eerste werk is dus nou:

"1. Waar in 'n Wyk of Veldkornetskap nog gen Wykkomite is nie, en waar enkele persone is wat die saak insiet, *werk, werk,* totdat julle 'n wykkomite ver julle wyke gevorm het.

"2. Waar 2 of meer wijkkomites in 'n distrik bestaat, wat nog nie verenig is tot 'n distrikskomite nie, gaat dadelik in oerleg met makaar, perbeer om die andere wijke oek bij te krij, en sluit julle bij makaar an tot 'n Distrikskomite.

"3. En waar Distrikskomites gevorm is, kies dadelik uit elke Distrikskomite twe lede om julle Tak te verteenwoordig

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

in die Provinciale Bestuur. En so gou as seg 10 Distrikte hulle verteenwoordigers gekies het, dan die same beraadslaag o'er 'n Centrale plaas om as Provinciale Bestuur te vergader; die algemene Beginsels vas te stel; en hulle verteenwoordigers te kies ver die Centrale Bestuur. Hoe eerder ons tot die hoogte kan kom hoe beter. En daartoe moet niemand stil sit nie. Elkeen moet werk, en werk op twe punte:

"*a.* Om soveel as molik is *lede* te krij ver die Bond in sijn wyk en distrik; en

"*b.* Om die lede so gou as molik is. langs die angewese weg, te verenig tot één liggaam." (*P.* 9 Sept. 81.)

## EERSTE WERKSAAMHEDE.

Op die eerste vergaderings was daar 'n lewendige bedrijwigheid. So lees ons 'n advertensie, waarin die Philipstownse Afrikaner Bond opgeroep word tot 'n vergadering, waarin die volgende punte sou behandel worde: Handelsvereniging, Hoofbelasting, Wijsiging van Burgerwet, Basoetoland-Kwessie, Kiesing van Afdelingsrade, meer Regte vir Veldkornette, Teënwerking van Emigrasie, Verandering van Stemreg, en Hollands in die Parlement. Die seknetaris sit onderaan: „Eendrag maak mag! Ik roep alle ware Afrikaners op om als één man saam te span en saam te werk, en ons sal en moet die o'erwinning behaal; en nie langer onder die druk van uitlanders kwijn nie". (*P.* 6 Jan., 82.)

'n Ander vergadering, wat ons 'n insig gee in die politieke lewendigheid van die eerste tijd werd gehou te Venterstad, op 16 Julie, 1881. Daarvan word hier 'n kort verslag oorgeneem. Die distrik Albert tog was een van die roerigste plekke in die land. Let wel, daar was toen nog 'n Boerevereniging in Albert wat selfstandig opgetree het naas die van die Weste.

"Op Saterdag, die 16de Julie was daar die grote vergadering om meneer Joubert, lid van Albert, te ontmoet en hom op 'n eetmaal te onthaal. 'n Menigte belangstellende was teenwoordig en verteenwoordigers van verskillende B. B. Verenigings uit die omtrek was genooi om belangrike sake te bespreek. Die vergadering werd bygewoond deur meer as 100 persone en meneer D. P. v. d. Heever was voorsitter met meneer P. P. Joubert as Sekretaris. Die eerste saak wat besproke werd was die oprigting van 'n *Nationale Bank.* Die algemene gevoele was dat die winste wat ander vreemde banke hier maak in die land kan bly, as o'eral takbanke opgerig word en die Afrikaners eenparig is om so'n bank te ondersteun. Algemeen was die vergadering daarvoor en tot Komitélede werd benoemd die Voorsitter en een lid van die B. B. Vereniging van Albert en menere Hopley en F. Coetzee, die afgevaardigde van Aliwal en meneer Bekker van Maraisburg. Die twede punt was die *Afrikaner*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*Bond.* Sommige was nie genoeg bekend met die doel en strekking; enige stukke werd uit die *Patriot* voorgelees en die saak toen uitgestel. Die derde punt was om 'n *Centrale plaas* te bepaal waar en wanneer verteenwoordigers van die B. B. Verenieginge en Afr. Bond bymakaar sal kom. Die algemene gevoele was daarvoor, hoewel tyd en plaas nie bepaald werd, mar 'n Komite werd benoemd om verder o'er die saak te handel en van sodanige byeenkoms kennis te gé. Die Komite bestaat uit menere J. H. Hofmeyr, *Zuid Afrikaan,* D. F. du Toit, *Patriot,* Daniel de Waal, Stellenbosch, M. Herholdt, G.sn., Murraysburg, J. J. van Rensburg, Cradock, G. Bekker, Maraisburg, D. P. v. d. Heever, Ventersburg.

"Die vierde punt was die oprigting van 'n *Drukpers* in die distrik, waar 'n koerant sal gedruk worde wat duidelik die gevoelens van die Afrikaners uitspreek, daar die *Burghersdorp Gazette* meer 'n Engelse blad is. Die voorstel skyn ten doel te hê, om 'n drukker uit te nooi om daarheen te kom, en hom dan 'n waarborg te gé dat hulle hom sal ondersteun met advertensies en intekening. Dit werd algemeen beslote so 'n blad op te rig.

"Die laaste en vyfde punt was 'n *Handelsvereniging.* Algemeen was die vergadering ook voor die punt en eenparig werd beslote dat die reeds bestaande Komité te Ventersburg, vrindelik en dringend versog word om sodra hulle die monsters ontvang het, die saak so spoedig mogelik te bevorder. En daarmé was die vergadering afgelope." (*P.* 5 Aug. '81.)

'n Ander verslaggie is van 'n algemene vergadering gehou te Kafferskraal, distr. Frasersburg :—

"Gehoor gevende aan het verzoek van de *Patriot,* heeft deze Tak de Redaktie een ondersteuning van £10 toegezonden, door enige leden bijeengebracht, en enige andere leden hebben een toezegging van £40 op interest voor datzelfde doel gedaan, doch wegens de schaarsheid van geld in dit Distrikt, is daaraan tot nogtoe geen gevolg kunnen gegeven worden.

"Verder is er gedurende dit jaar de grondslag gelegd geworden tot het oprichten van een school te "Brandfontein," geheel onder het vrijwillig beginsel, en meer bepaald ten behoeve van arme kinderen, die geen onderwijs erlangen;—de heer L. J. v. d. Westhuijsen heeft daarvoor kosteloos grond afgestaan op zijn plaats, en ook enige rechten.

"De vertaling van de Bijbel in 't Afrikaans was ook een onderwerp dat besproken is. Beloften om aandelen te nemen en intekeningen te doen, zijn gegeven. De ondergetekende kan echter niet nalaten de leden van de Bond in 't algemeen, en van deze Tak in 't biezonder tot meerdere ondersteuning in dit hoogst nuttig en nodig werk aan te sporen.

"Door bemoeiing van deze Tak is een Assistent Veldkornet voor deze Wijk aangesteld, zodat in voorkomende gevallen de leden niet verplicht zullen zijn naar de verafwonende Veldkornet te gaan.

"Eindelik is het "Program van Beginselen" een onderwerp van onze werkzaamheid geweest, en in zover goedgekeurd, doch

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

heeft de kwestie van "*Eigen Vlag,*" in Art. 6 vermeld, in het midden gelaten, hebbende deze Tak slechts als *een gevoelen* uitgesproken, dat een Verenigd Zuid Afrika onder *Engelse Vlag* "*ondenkbaar is.*" (*P.* 9 Jan. '85.)

## WAAROM G'N BOEREVERENIGING ?

Waar deur die Pêrlse orgaan so geijwer werd vir die Bond, moes vanself duidelik gemaak worde, waarom die Bond als enigste redmiddel van die volk teënoor die Boerevereniging moes aangewend word. Dit geskied in 'n leader van 18 Maart, 1881 :—

"Molik vraag een en ander: Waarom ons dan so andring op 'n Bond; waarom ons nie mar liwers net anmoedig om Boere Beskermings- Vereniging- Komites oral op te rig nie? Dis molik goed dat ons onbewimpeld hierop antwoord, en meteen opsom ons besware teen die B.B. Vereniginge en daarenteen die voordele an 'n algemene Afrikaner Bond verbonde. Vooraf sy egter duidelik geseg, dat dit ons nie te doen is om te vit of teen te werk nie. Ons het tot hiertoe die werksaamhede en belange van die B.B. Vereniginge bevorder so veul as ons kan. En sover as dit gaat is dit oek goed. Mar ons meen dat ons tyd wat meer vereis. Want die B.B. Vereniginge het vollens ons opinie die vollende gebreke:

"1. Gebrek aan 'n *gepaste Naam.* Kyk nou so'n naam an: "Zuid Afrikaansche Boeren-Beschermings-Vereeniging." Dis glad te lank en te styf en te omslagtig. 'n Afrikaner kan hom nie lekker uitspreek nie. En skrywe wil die Afrikaners hom gaar nie meer nie. Nou sit hulle somar "Z.A.B.B. Vereeniging." En as jy nou nog hierby moet voeg die Komite ver 'n sekere distrik dan is dit amper 'n oneindige naam. Byv. "Zuid-Afrikaansche Boeren-Beschermings-Vereeniging Komite voor het District van Beaufort West." 'n Mens word lam ver so'n naam. Nou, meer as ons denk druk 'n naam die wese en aard van 'n ding uit. Noem daarentegen 'n "*Afrikaner Bond.*" Dit klink somar lekker; dit skryf maklik; dis deur en deur Afrikaans.

"2. Gebrek an 'n *alomvattende doel.* Die doel van die "Z.A. B.B. Vereniginge" is te eensydig, net ver die Boere. Ons het al vroeger gevraag: Waarom moet die Boer dan beskermd worde meer as die winkelier of ambagsman? Waarom moet landbou verdedig worde met uitsluiting van die politiek wat daarop juis die grootste invloed uitoefen? Ons voeg hierby: Kan ons dan 'n nasionaliteit vorm bestaande enkel uit Boere? Niemand in die kolonie werk harder en beslister ver die Boere as ons nie. Mar wil ons 'n organisasie wat doeltreffend en kragtig kan optre, dan moet so'n Vereniging alle dele en klasse van onse bevolking omvat. Ons het as nasie oek die samewerking van advokate en dokters en agente en koopmans, ens. nodig; net mar, almal moet hulle verbinde om same te werk tot dieselfde doel op dieselfde beginsels.

"3. Gebrek an *Nasionaliteitsgevoel.* Ons het hier voor ons die "Bepalingen en Regulatiën van de Z. A. Boerenbescher-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

mingsvereeniging," mar in die 24 Artikels vind ons gen een wat nationaliteitsgevoel eis of anbeveel nie. Veeleer word direk geseg (Art. 23): "De Zuid-Afrikaansche Boerenbeschermingsvereeniging zal zich niet inlaten met party-staatkunde als zoodanig." Dus as daar 'n Afrikaner party en 'n Jingo-party teeno'er makaar staat, dan mag die B.B Vereniging nie party kies ver die Afrikaner party 'as sodanig' nie. En an die gemis van nasionaliteit is al die ander gebreke van die Vereniginge te wyte. Hulle mis die lewenswortel waardeur hulle alleen kan groei en hulle takke kan uitsprei oer heel Suid Afrika; hulle mis die ware fondament waarop ons nasionale gebou moet staan. En dit stel ons juis voorop in ons Afrikaner Bond. "Afrika ver die Afrikaners"—ver die wat Afrika ver hulle land angeneem het. 'n "Verenigde Suid Afrika," wat al onse State en belange omvat. Ons wil 'n boom hê, met één stam, mar wat syn takke o'er heel Suid Afrika uitsprei; en die wortel moet wees nasionaliteitsgevoel.

"4. Gebrek an *organisasie* is 'n ander fout. Daar word wel gesproke van "Hoofdbestuur" en "Plaatselijke Comites" in die Reels van die B.B. Vereniginge; mar as daar al 'n band bestaat tussen die Plaselike Komites onderling en tussen hulle apart of same, en die Hoofbestuur, dan is die band bra swak. Bedenk mar net: Hoeveul van die Plaselike Komites is verteenwoordig in die Hoorbestuur? Hoeveel lede, behalwe Kaap, Paarl en Stellenbos, neem deel an die kiesing van die Hoofbestuur? Hoeveel doet verslag en lewer bijdrage? En so sou ons veel meer kan vra. Mar dis ons nie te doen om meer ope te maak as wat nodig is ver ons doel, namelik om an te toon dat ons wat meer en beters behoef as ons nou het. Ons seg nie, en het nooit geseg, dat ons reels ver organisasie van 'n Afrikaner Bond volmaak is nie. Ons wens dat manne soos Hoofregter Reitz die plan in hand wil neem en 'n konstitusie uitwerk ver so'n Bond.

"5. Ten gevolge hiervan is daar oek gebrek aan *eensgesindheid* onder die verskillende B.B. Vereniginge. Byv. die B.B. Vereniging van Adelaide en Fort Beaufort het die "Ontwapeningswet" goedgekeur en Stellenbos het dit afgekeur.

"6. Mar wat nog die ergste is, is gebrek an *werkkrag*. Daar is gen vortkom nie Nou en dan 'n ruk en 'n pluk, mar gen gestadige vortgang nie. Daar word bitter weinig beslote en nog veel minder gedaan. Sommige B.B. Vereniginge kan moeilik 'n jaarlikse vergadering hou; andere 6 maande oer die tyd, nog andere gaar nie. Waaran is dit, en veel meer wat ons mar verswyg, te wyte? Die hooffout is: die enkele voormanne an wie die werk opgedra word is manne wat reeds hulle hande meer as te vol het met hulle eie sake. Met die beste wil kan hulle nie behoorlik uitvoer wat an hulle opgedra word; hulle is naderhand bang om self iets goed voor te stel, wetende dit kom tog weer op hulle owerlade skouers terug. En daarom word nix of weinig uitgevoer". (*P*. 18 Maart 81).

### WRIJWING.

Dat daar wrijwing sou ontstaan tussen die opkomende Bond en die Boerevereniginge, laasgenoemde onder

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

leiding van mnr. Hofmeyr, was te voorsien. Mnr. Hofmeyr het sig eers nie uitgelaat oor die Bond nie, soos uit hierdie stukkies blijk :—

"Die Korresp. van Calvinia smeek die redakteur van die *Zuid Afrikaan* om tog syn gevoele te sê o'er 'n "Afrikaner Bond." Vergeefs. Hy swyg, soos die graf, op die punt. Die korresp. moet sig mar troos daarme, dat hy nie die enigste is, wat stilswyge tot andwoord kry op die punt. Intusse groei die Bond lanksaam mar seker op, nes die hele Afrikaanse saak." (*P.* 25 Febr. 81).

"Vollens verslag in *Zuid Afrikaan*, 4 Augus. is in die bespreking van die *Afrikaner Bond*, op die Venterstadse Vergadering, deur Meneer G. Joubert geseg: "dat die heer Hofmeyr ofschoon vóór de B. B. Vereniging zynde, toch tegen den Afrikaner Bond is." Ons sou graag wil weet of hier bedoeld is Meneer Hofmeyr van die *Zuid Afrikaan?* En so ja, waar en wanneer hy dan geseg het dat hy teen die Bond is? *Publiek* het Meneer Hofmeyr nooit iets geseg of geskrywe teun die Bond nie. En ons het selfs gegronde rede om te geloof dat Meneer Hofmeyr *nie* teen die Bond is nie, hoewel hy om sekere redene nie openlik meewerk nie. Daarom sou ons graag wil weet welke gronde Meneer G. Joubert het vir syn bewering." (*P.* 12 Aug. 81)

Intussen het mnr. H. voortgegaan met die stigting te bevorder van takke van die Boerevereniging, bijv. op 'n rondreis te Robertson, Montagu, Swellendam en Heidelberg. (P. 28 Okt., 81.)

Die wrijwing het sig geopenbaar bij 'n ineensmeltingsvergadering te Ceres gehou op 29 Sept., 1882. Daarvan lees ons dit :

"De Edele heer Hofmeyr neemt het woord en drukt syn verlangen in een nette aanspraak uit, dat de Vergadering een besluit zal nemen om de twee lichamen in een te smelten onder de naam van A. Bond en Boeren Vereniging.

"De heer H. S. van Wyk doet het volgende Voorstel, gesekondeerd door J. J. van der Merwe:

"Deze vergadering is van gevoelen zich voor de Bond te verklaren om de volgende reden :—

1ste.—"Omdat de naam Afrikaner Bond kort en veelomvattend is.

2de.—"Omdat de Bond onze Afrikaanse nationaliteit tot grondslag heeft en alzo vanzelf groeit in de harten van ons volk.

3de.—"Omdat de Bond de welvaart van Zuid Afrika bedoelt en onze Nationaliteits gevoel wil ontwikkelen en behartigen op kerkelik, maatschappelik en staatkundig gebied.

4de.—"Omdat de Bond zodanige organisatie heeft of wil dat ons volk op gemaklike wyze hunne belangen de regering kan meedelen van uit het wyksbestuur langs de weg van Distrikts Cirkel en Provinciaal bestuur."" (*P.* 6 Okt. '82).

Die voorstel werd aangeneem. Uit 'n ander verslag blijk dat Oom Lokomotief ook uitgenooi was, maar

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

nie gegaan het nie. Aan die end het mnr. H. gesê, dat hij "seer teleurgestel" was oor die uitslag, maar tog het hij samewerking aangeraai. (*P.* 13 Okt., '82.) Die korrespondensie wat nou volg, gee enigsins die verhoudinge weer :—

"De Boerenbeschermings-vereniging is de oudste en heeft al veel nut gedaan. Ik voor my heb nog nooit myn jaarlikse subskriptie onbetaald gelaten, gelyk meer dan een opstoker of meeprater. De heer D. F. du Toit is zelf lid van ons hoofdbestuur. De Afrikaner Bond is de jongste, maar telt verreweg de meeste leden. Ook die heeft al veel, zeer veel goeds gedaan. De B. B. Vereniging telt mannen zoals de heer Hofmeyr, de A. Bond mannen als Botha, van den Heever, Hoofdrechter Reitz, en het Driemanschap in Transvaal. Alle vrienden van Land en Volk, en werkzaam in de verschillende kringen waarin zy geplaatst zyn. Moet men die mannen tegen elkander in het harnas jagen? Neen, als gy stryden wilt tegen "zogenaamde Afrikaners" gord dan het zwaard om, helden, tegen de verengelste party, die ons volk Engelse naäpers wil maken. *Dat* zyn de vyanden in uw huisgezin: *die* mensen moet men dwarsbomen. Die behoren ook aan geen B. B. Vereniging noch A. Bond. Die hebben in hun politieke geloofsbelydenis als Art. 1: "*Om gelukkig te zyn, is vóór alle dingen nodig dat men een Engelsman wordt!*" En dat zoeken zy met vleselike en geestelike wapenen te verkrygen. Doch, ik mag niet meer van uw kostbare ruimte innemen; ik moet kort zyn. De slotsom is: B. B. Vereniging en A. Bond *kunnen* en MOETEN samengesmolten worden, en dit hoe eerder hoe beter. De *Zuid Afrikaan* en *Patriot* moeten zich onthouden van alle harde kritiek over het onderwerp. De *Patriot* heeft reeds vroeger gezegd zyn korrespondentie kolommen te sluiten en geen hatelikheden tegen de heer Hofmeyr of de B. B. Vereniging te zullen opnemen. Daarin moet hy volharden. De *Zuid Afrikaan* moet ook de du Toits en de A. Bond niet langer door het slyk laten slepen; de firma en altans Ds. du Toit heeft dat niet by ons volk verdiend. Nog nooit te voren heeft de *Zuid Afrikaan* zo duidelik gesproken als tans; en dus is er nu geen twyfel meer of *Afrika voor de Afrikaners* is de leus van beiden. Wat er nu nodig is, is gematigdheid en een gezonde basis waarop gemeenschappelik met *Express*, *Volksstem* en andere evenzo gezinde bladen kan gebouwd worden aan het grote gebouw dat eenmaal moet verryzen. Daartoe is natuurlik *eendracht* nodig." (*P.* 4 Aug. 82).

VERSTANDHOUDING.

Die "Patriot" het dan ook vroegtijdig op 'n verstandhouding tussen die twee liggame aangedring. In die no. van 29 Julie, '81 lees ons :—

" Alweer nuwe Takke van Afrikaner Bond is opgerig, o.a. an Kimberley, Fauresmith, en Oudtshoorn (Hazenjagt). Dit gaat fluks an. Veral die oprigting van 'n tak in die distrik van Oudtshoorn, nadat 'n tydgenoot al 'n paar maande lank in 'n grote advertensie "de Boeren van het Distrikt" uitnodig tot 'n "Mon-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ster Boerevergadering" om "een Tak op te richten van de Boeren-beschermings-Vereniging." Dit word tyd dat daar 'n verstand-houding kom tussen die twe liggame, anders ry hulle makaar nog in die wiele. Ons het opsettelik tot nog toe die oprigting van Takke van die Afrikaner Bond nie anbeveel in die (veral westelike) distrikte waar reeds die B.B. Vereniging bestaat, juis om 'n botsing te voorkom. Mar dit word hoog tyd dat die Hoof-bestuur van die B.B. Vereniging die voorstel ernstig ter harte neem, wat hulle vroeger so maklik op sy geset het, om te ver-klaar in welke verhouding hulle tot die Afrikaner Bond staat, en om so molik te verenig."

In dieselfde gees spreek die no. van 16 Sept., '81. Ons sal later sien hoe die vereniging van die twee liggame eindelik tot stand gekom het.

TEENSTAND.

Natuurlik het dit aan teënstand nie ontbreek nie. Die "Patriot" van 4 Nov., 1881, skrijf daaroor als volg :—

" Die Afrikaner Bond word dag ver dag belangriker.

" Op meer as een manier.

" Vereers deur syn gestadige en gesonde ontwikkeling.

" Terwyl tot nog toe gen staatkundige organisasie onder die eintlike Afrikaanse boerebevolking kon wortel vat nie ;—terwyl alle pogings na verloop van enige tyd van self dood-loop; terwyl die B.B. Vereniging, origens nogal een van die voorspoedigste verenigings, tot nog toe met kuns en vliegwerk moes uitgebrei worde, byv. deur afvaardiging van invloedryke en welsprekende persone wat die masienerie opwen, om dit kort na hulle vertrek weer te sien afloop; groei die Afrikaner Bond stadig mar gesond op, onder miskenning en teenstand, sonder anwending van buitengewone middels, uit die hart van 'n gewil-lige volk uit.

" Takke spruit an alle kante uit, sodat die Bond 'n boom word wat weldra die hele Suid Afrika o'erskaduw. In die Kolonie is reeds van 33 wykbesture, en in die Vrystaat van 22 opgaaf ge-daan, terwyl Transvaal net wag totdat die sake daar enigsins gereeld is om dit met krag an te vat. An manne van betekenis makeer dit nie meer, wat sig nie skaam ver die waaragtige be-lange van hulle land en volk nie om sig by die Bond an te sluit nie, soos die Regters van die Vrystaat, die Driemanskap en an-dere manne van betekenis in Transvaal, meneer Van den Hee-ver en die Oostelike lede van die B.B. Vereniging, ens. Dan die drie eigenlike organe wat die publieke opinie van onse boerebe volking teruggeef het sig beslis voor die Bond verklaar: *Express* en *Patriot*, elk met ruim 'n 3,500 intekenare ('n getal waarby gen ander Hollanse koerant in die verte kom nie), en die *Volksstem* wat die hooforgaan van die Transvaal is ; terwyl andere blaje soos *Volksblad* en *Graaff-Reinetter* oek die Bond voorstaat, en die *Suid-Afrikaan* sig oek eer voor as teen die Bond uitlaat.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"En naarmate die teenstand van belangriker partye uitgaat, des te meer win die saak daarby. Nix het die onwankelbaarheid van die grondbeginsels van voorstanders van die taalbeweging beter lat uitkom as juis 'n voorlesing van 'n man soos onse Hoofregter De Villiers. Die ongegronde veroordeling van so'n belangrike Vergadering as die grote Synode van onse Ned. Geref. Kerk alleen was in staat om die *Patriot* heel gou 'n duisend intekenare meer te besorge.

"En gewis kon ons nix uitdenk wat ons Bond meer bevorder nie, as die teenstand van sulke *belangrike persone,* mar *sonder grond of rede.*

"Belangrik moet seker 'n beweging wees wat onder syn teenstanders manne tel soos *President Brand,* die invloedrikste Staatsman in Zuid-Afrika en *meneer*\ *Merriman,* die knapste Kroonminister in die kolonie. Want, soos ons vroeger geseg het van die teenstanders van die *Patriot,* watter verstandige man sou 'n knopkierie neem om 'n vlieg dood te slaan; of watter koning sal 'n leger oproep om 'n muis in syn klerekas te kom vang?

"Meneer Merriman het die Bond veroordeel—en dit juis toen die Komite van die Bond an Graaff-Reinet hom 'n beleefde welkomsadres anbied—as 'n "staatkundige vereniging, die gegrond is op verschil van nasionaliteit en niet van opinie." En dit herhaal hy tot driemaal toe.

"Naakter onwaarheid, ongegronder beskuldiging kan 'n mens sig nie bedenk nie.

"Lat die bepalings van die Bond self spreek.

"Art. 3 van die ontwerp deur die *Patriot* opgestel seg: Daartoe neem hy in sig op elkeen wat Afrika tot syn vaderland gekies het, en Afrika's welvaart bedoel, onverskillig wat syn nasionale afkoms is, of tot watter kerkelike of burgerlike party hy origens behoor."...

"En wat van President Brand?

"Wat het hy teen die Bond in te breng?

"Ook by geleentheid van 'n Welkomsadres deur die Bondskomite te Smithfield "*gaf zyn Hoog-Ed. zyn opinie sterk tegen de Bond*" (Korr. *Express*). In syn geskrewe antwoord—wat seker rypelik o'erwoge sal wees—word o.a. geseg:

" "Volgens myn inzien schynt de Konstitutie van de Afrikaner Bond en de organisatie die men in het leven wil roepen wel het voorkomen te hebben alsof de Afrikaner Bond zich boven de gevestigde regering wenst te verheffen en een regering in een regering wenst daar te stellen".

"Die beskuldiging is duidelik: "Die Bond wil sig bo die bestaande regerings verhef."

"Lat die Konstitutie weer spreek.

"In die Ontwerp van die *Patriot* word geseg II: 4: In die staatkunde is hoofdoel: te sorge dat die verskillende klasse der bevolking behoorlik vertegenwoordig word in die verschillende Wetgevings, vollens hulle getalsterkte, en wel deur sulke verteenwoordigers wat die Beginsels van die Bond toegedaan is.

En III: 3: Deur te sorge ver registrasie van kiesers, en nominasie en eleksie van behoorlike verteenwoordigers.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"Is hierin nie juis uitgesproke die erkenning en eerbiediging van bestaande regerings nie?"

'n Ander soort van teënstand werd in Queenstown openbaar, waar Ds. Naudé die Bond teëngewerk het 1) omdat die taal daarvan Afrikaans sou wees en 2) omdat 'n hoofdoel was die Bijbel in Afrikaans te vertaal. Hier was natuurlik niks van waar nie. Alleen het sommige takke die twee sake op hul vergaderings bespreek; en dis g'n wonder nie, dat bij so'n organiese oplewing uit één wortel die mense in die eerste tijd partij jonge takke deurmekaar gevleg het. Die "Patriot" kon sig egter op die Konstitusie beroep waarin g'n sprake was van die twee sake nie. (*P.* 13 Jan., '82).

DIE TAAL VAN DIE BOND.

Hieromtrent het die Pêrlse blad sig duidelik uitgespreek: "Wat die taal aangaat, dit mag by ons gen punt van geskil uitwerk nie, soos ons al dikwils geseg het. Daarom sou ons an die hand gé om mar te sê "*Ons Landstaal*," en nie te sê "Afrikaans" of "Hollans" nie. Lat die meerderheid in elke distrik dan beslis of hulle onder "Landstaal" Afrikaans of Hollans verstaat. En die tyd self sal later oer die kwessie uitspraak doen.". (*P.* 11 Maart, '81).

Verder kom in die no. van 20 Jan., '82 'n stukkie voor, oorgeneem uit die "Graaff Reinetter," wat weer aanleiding was om die taalkwessie duidelik te maak. Die bedoelde passasie seg:

"Er schijnt by sommige takken een begeerte te ontstaan om de *Patriots*-taal tot landstaal te maken. Het zal goed zyn wanneer provinciale besturen daaromtrent besluiten nemen, want als dit als een der vereisten van de Bond zou aangenomen worden, zou men velen van de verstandigsten er uitdrijven, waarom wij niet geloven dat zo iets zou plaatsvinden." Waarom wil ons tijdgenoot (seg die "Patriot"), die taalkwessie daarin meng? En waarom Afrikaans daaruit verban? Die *Patriot* het van begin geseg dat die taalkwessie ons nie hoef te verdeel waar ons dit oer die grote vraagpunte van die dag eens is nie. Ons het daar niks op teen dat sommige takke Hollans erken en anneem nie, maar eis ook dieselfde reg ver Afrikaans. Ons sal daarteen protesteer dat Hollans ver *alle* takke sal bindend gemaak worde en nie toelaat dat Afrikaans geweldadig uitgesluit word nie. Eers as die tyd o'er die taalkwessie uitspraak gedaan het sal die voorstanders van Afrikaans—al word hulle oek deur ons tydgenoot onder die minder verstandige gerangskik—sig aan die uitspraak onderwerp. Ons stel Afrikaans nie as 'n *eis* nie, mar *eis vryheid* daarvoor, omdat ons nie as "stomme" vergaderings wil bywoon, waar ons wel iets kan *verstaan*, maar nie kan saam

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*praat* nie. Dit sal dus goed wees as provinciale besture hulle met die taalkwessie nie dadelik en beslis inlaat nie. Afrikaans *Patriots* taal te noem is net so ongerymd as om te praat van dit tot landstaal te *maak*. Dit *is* onteenseggelik die taal wat deur die massa van ons bevolking gesproke word. Of dit verstandig is om te dreige dat die verstandigste deur Afrikaans sal uitgedrewe worde: en of sig te lat uitdrywe juis 'n kenmerk van die verstandigste sal wees, lat ons an die beoordeling van ons lesers oer.".

In verband hiermee is dit opmerkelik, dat die "Patriot"-editeur vanaf 11 Augustus, '82 'n maandblad (later het dit 2 maal per maand verskijn) uitgegee het in suiwer Hollands onder die naam *De Tolk*. Daarin werd net verslae van die Bondsvergaderings opgeneem en verder Bondsake besproke—so het die beweging veld gewen.

### PLANNE VIR 'N KONGRES.

Soos ons reeds gesien het werd op 'n Venterstadse vergadering 'n Komité aangestel om uit te sien naar 'n sentrale plek, waar 'n "nasionale" Kongres kon gehou word. Die "Patriot" het egter ook hier weer die weg gewijs, deur aan te toon dat so'n Kongres alleen doelmatig kan wees als die voorgestelde organisasie van die Bond opgevolg word. Hoor hom self :—

"In ons korrespondensie kolomme, onder die hoof "Die Afrikaner Bond" skryf "Belangstellende" 'n brief wat opmerking en oerweging verdien. Die ide van 'n Algemene, Nasionale of Suid Afrikaanse Kongres is inderdaad mooi, goed en groots. En is die *ide* reeds so verrukkend, wat sal die *werkelikheid* dan nie wees nie? Deur die angrypende gedagte betower, werd blykbaar vergeet *wat* die Kongres eintlik moet wees, *hoe* dit moes angeleg en tot stand gebring worde, en slegs gedag an *waar* en *wanneer* die skone ide kon verwerkelik worde. 'n Komite werd benoem om. in oerleg met makaar 'n sentrale plaas, en geskikte tyd daarvoor te bepaal. Of die bepaling van tyd en plaas slegs ver die Kaapkolonie, of ver die verskillende state en kolonies van Suid-Afrika moes wees, werd nie geseg nie. Ons vrees dat die saak, hoe mooi, goed en groots oek, nog heeltemaal onryp is en geheel of gedeeltelik sal misluk. Die benoemde komite moet dan 'n sentrale plaas en geskikte tyd bepaal, ver wat? Ver 'n Suid Afrikaanse Kongres. Waartoe? Om sake van algemeen belang ver Suid Afrika te bespreek. Dit klink alles heel mooi. Mar *wie* sal dit bespreek? Wie sal as *lede* van die Kongres erken en toegelate worde en *deur* wie? Word 'n vrye uitnodiging gedaan en kan kom wie wil, dan kan die opkoms wellig so groot wees dat dit moeilik sal gaan om op die bepaalde plaas 'n geskikte vergaderplaas te kry, wat ruim genoeg is—om nie eens te praat van losies ver algar en van die enorme koste. Ons geloof dat die saak langs 'n eenvoudiger, makliker, sekerder en minder kosbare weg te bereik is,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

deur die organisasie wat die Afrikaner Bond voorskrijf" (*P.* 21 Okt. '81).

Die saak van die Venterstadse vergadering het egter blij steek In Maart, 1882 werd dit weer opgevat deur die Bondsvergadering van Graaff Reinet. Daar werd 'n kommissie benoem om belanghebbende en belangstellende uit te nooi tot 'n Afrikaanse Nasionale Kongres. Als vergaderplek werd gekose Cradock en als datum bepaal die 12de September 1882. (*P.* 4 Aug. '82). Inderdaad het die Kongres op genoemde plek en datum bijmekaar gekom. Die "Notulen" daarvan vind 'n mens afgedruk in 'n boekie groot 26 bls. en verskene bij D. F. du Toit & Co., Paarl.

Voordat ons egter verder gaan, moet ons eers iets van die republieke sê waar die Bondsaak ook wortel gevat het.

IN DIE VRIJSTAAT.

Daar het die "Express" op 20 Jan., 1881, die eerste aan die alarm-klok getrek. Sijn subleader het o.m. dit bevat :—

"Enige maanden geleden zond de *Patriot* een vlugschrift rond, waarin de noodzakelikheid van een "Afrikaanse Bond" werd betoogd. Wij verenigden ons toen niet met de kreet, niet omdat wij het voorstel op zich zelf als slecht of gebrekkig be schouwden, maar omdat wij nog altijd geloofden in een bemiddeling, een schikking of dergelijke ijdele droombeelden. De tijd voor die hersenschimmen is tans voorbij. Wij geloven er niet langer aan en kunnen het ook niet meer aanraden, vooral nu wij de kreet voor formatie in het tegenovergestelde kamp horen. Niet dat wij er bevreesd voor zijn, maar het doet ons besluiten om een goed georganiseerde Afrikaanse party tegenover een georganiseerde anti-Afrikaanse partij te stellen. Dat is loyaal en voor loyaliteit is zelfs de gemeenste kampvechter vatbaar, hoeveel te meer een partij die zovele beminnenswaardige mensen in zich bevat. Laat dus de kreet van "Organisatie" door het gehele land opgaan van de éne zijde van Zuid Afrika tot de andere. (*P.* 4 Febr. '81).

Nie lang daarna nie, 7 April d.a.v., publiseer die "*Express*" 'n ontwerp vir 'n Bond, "soos enige vrinde dit nou an Bloemfontein gewijsig en verder uitgewerk het." Na aanhaling van die nuwe bewerking, gaan die Pêrlse editeur aldus voort :—

"Lesers van die *Patriot,* wat die moeite wil neem om die Ontwerp te vergelyk met die wat ons vroeger gepubliceer het, sal vinde dat dit in die hoofsaak dieselfde is, net mar meer uitgewerk en op mindere punte gewysigd. So is in albei opkweking en handhaving van Nasionaliteit hoofbeginsel, waarme gepaard gaat die bearbeiding en beskerming van die belange van onse

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Boerebevolking. Die Inrigting is oek hoofsakelik dieselfde: Wyk-, Distriks-, Provinciale en Centrale Komites. Selfs die hoofmiddele blyf eenders: registrasie, onderwys, drukpers, ens.

"Daarom dat ons hartelik met ons tydgenoot wil mewerk tot uitvoering van syn plan. En as ons enige opmerkings maak, dan is dit nie omdat ons juis meen dat ons gedagte beter is nie; mar in die belang van die saak wil ons graag dat daar 'n goeje fondament geleg word, waarop ons 'n huis kan bou waarop nog ons nageslag kan staan."...(*P.* 22 Apr. '81).

Die "Express"-Konstitusie was belangrik, omdat dit 'n praktiese en duidelike Formuléring was van die eerste Bondsontwerp. Dit het in die begin, sover die "Patriot" weet, als grondslag gedien van die meeste Koloniale takke (11 Aug. '82) Ook die "Tolk" s'n getuigenis is hier van belang: "Enige vrienden in de Vrijstaat namen de zaak ter hand, met het gevolg dat een nieuw ontworpen Konstitutie in de "Express" van 7 Apr. 1881 verscheen. Deze Konstitutie was in beginsel dezelfde als het ontwerp vroeger in de "Patriot" gepubliceerd. De "Patriot" bleef dan ook niet in gebreke zijn goedkeuring eraan te hechten. Op die grondslag begon men te bouwen." (1 Sept., '82).

## IN DIE TRANSVAAL.

In die Transvaal het die Bond sterk vooruitgegaan, wat ook te danke was aan die teënwoordigheid van Ds. Du Toit. 'n Korrespondent deel daaromtrent in die "Patriot" van 9 Junie, '82 dit mee :—

"Die *Afrikaner Bond* brei oek sterk uit, en eintlik is die Z.A. Republiek nou al die Kolonie en die Vrystaat vooruit, hoewel ons die laaste begin het. Grotendeels het ons dit te danke an jou wakkere agent van Komatie, ou Meneer Jacob Middel. Hy is die man wat verteenwoordigers opgeroep het van die verskillende distrikte om 15 Mei te Pretoria same te kom, om 'n Provinciale Bestuur te vorm en 'n Konstitusie of Grondwet ver die hele Republiek vas te stel.

"Dinsdag aand 16 Mei was die Vergadering in die Volksraadsaal. Die *Volksstem* sal wel 'n verslag gé, wat die *Patriot* wel sal oerneem; ek stip mar die hoofpunte uit myn geheuge aan.

"Ds. du Toit het geopen met gebed. Meneer Middel was Voorsitter en Meneer Celliers (*Volksstem*) sekretaris. Daar was verteenwoordigers van Pretoria, Potchefstroom, Rustenburg, Heidelberg, Lydenburg, Utrecht, Standerton, Zoutpansberg, en ek denk van Bloemhof en Waterberg oek. Verder was daar omtrent 'n honderd belangstellende, meesal Volksraadslede en Kommissarisse van die Handelsvereniging. Wegens drukke werksaamhede kon verskeie belangstellende dit nie bywoon ni, en party afgevaardigdes is oek verhinderd.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"Eers was daar 'n vraag of die Grondwet moes vasgestel worde ver die Republiek alleen, of ver heel Suid Afrika. Op uitleg van Ds. du Toit, dat daar reeds feitelik twe Konstitusies angeneem is, van *Patriot* en *Express*, ver Kolonie en Vrystaat, werd besluit om die Grondwet vas te stel net ver die Republiek, mar in samewerking met die Bond in die Kolonie en Vrystaat; sodat die Centraal Bestuur naderhand die 3 tot eenheid kan breng. Daarop werd die Konstitusie Artikel ver Artikel behandel en goedgekeur, soos dit deur Ds. du Toit same met Meneer Middel, opgestel is. Ek sluit dit hier in, en die *Patriot* sal dit wel opneem."

'n Werkende Komitee werd benoem om die Bondsaak te bevorder, waarvan Ds. Du Toit voorsitter was, mnr. Celliers sekretaris en mnr. T. N. de Villiers medelid.

Op 24 Desember 1884 werd te Potchefstroom 'n Bondskongres gehou. Ds. Du Toit werd als voorsitter gekose. Daardie Kongres het bestaan uit 160 Transvaalse en Vrijstaatse Bondsmanne, en het historiese betekenis erlang deurdat daarop ernstig gesproke werd oor en eindelik beslote werd tot die wenselikheid van 'n nouwere vereniging tussen Vrijstaat en Transvaal. (*P.* 9 Jan., '85).

Die idee van nouwere vereniging werd deur Ds. Du Toit besonge in 'n gedig, waarin Vaalrivier als spreker optree. Die titel was : "Groete der Vaalrivier aan de Burgers van Vrijstaat en Transvaal." Vir enige koeplette word hier 'n plekkie ingeruim:—

Te lang reeds heb ik van elkaar u gescheiden,
o Burgers van Vrijstaat en volk van Transvaal!
Ik zag langs mijn boorden uw volkstam verbreiden,
Zijn loten vér noordwaarts en zuidwaarts uitspreiden,
Zo vrij als de springbok, die perk kent noch paal.
Ik juichte om uw voorspoed en niets gaf mij pijn,
Dan dat ik van broedren de scheidsmuur moet zijn.

. . . . . . . . . .

Maar toen ik uw trekken van 't zuiden zag komen,
Met wagens en tenten en ploegen en vee;
En toen ik uw tenten zag staan langs mijn stromen,
Uw psalmgezang nevens mijn beemd werd vernomen,
Toen zongen mijn waatren uw lofgezang mee;
Zij kustten de wallen met vreugd aan uw voet,
De visjes zelfs dartelden blij in mijn vloed.

. . . . . . . . . .

Maar nauw had Salkats van uw aankomst vernomen,
Daar rukten zijn horden als sprinkhanen aan,
Bedekten mijn wallen, vervulden mijn stromen,
Bezwommen mijn diepten met stompen en bomen,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

En baanden een heirweg waar niemand kon gaan.
Ik rolde op mijn bedding toch immer maar voort,
Doch nauw werd de klaagstem der waatren gesmoord.

. . . . . . . . .

De zon verrees onlangs en 'k danste in haar stralen;
De Mooirivier huppelt me ginds tegemoet,
Ze kwam mij al lachend wat liefliks verhalen;
Ze snelde door vlakten en vleien en dalen,
Met vrolik gezang en met snellere spoed;
En 't lied dat ze zong klonk zo schoon in mijn oor,
Dat ik er geen enkele klank van verloor.

SENTRAAL BESTUUR.

In die "Tolk" van 1 Sept., 1882, werd deur "medewerker" (Ds. Du Toit?) aan die hand gegee, dat die Provinsiale Besture gouw bijmekaar moes kom om ieder twee afgevaardigdes te kies naar 'n sentrale bestuursvergadering, wat bij geleënheid van die volksfees te Paardekraal bij mekaar kon kom. Die plan het toen in die water geval, maar is later, 17 Febr., 1886, verwesenlik, toen 'n samekoms te Bloemfontein gehou werd.

Die Transvaal was verteënwoordig deur Gnl. P. J. Joubert en Ds. S. J. du Toit; die Vrijstaat deur mnre. J. G. Grabe en C. J. Visser, en die Kaap-kolonie deur mnre. D. F. du Toit en T. P. Theron. Voors. was Ds. Du Toit en sekretaris mnr. T. P. Theron. Die vasstelling van 'n Konstitusie was die voorname punt.

Later moet ons weer op die vergadering terugkom. Hier vermeld ons nog, dat dit die eerste en laaste vergadering van die aard was. In die Republieke het die Bond doodgegaan omdat die opgewekte nasionale gees daar 'n magtige regeringshand tot sijn beskikking had. Wat die Transvaal aangaat kom dit daarbij dat Pres. Kruger nie 'n voorstander van die Bond was nie.

Tevens werd in die Kaapkolonie 'n beweging op touw gesit om van die Bond in die Republieke af te skei. Volgens die "Zuid-Afrikaan" het daar vrees bestaan, dat die koloniale Bond, deur met 'n sentrale bestuur mee te werk, die skijn op sig sou laai van republikeinse bedoelings te koester! Sie Patr. 23 Jan., '85.

Vreselik verontwaardig het die "Patriot" daarteen losgetrek in sijn art. van 23 Jan., '85. :—

**"Dan ons—tog mar onsekere—*eindbestemming*: "'n Verenigd Suid Afrika" uit di Konstitusi geskrap, as natuurlik gevolg van di voorgaande stap, en ons het—wat di Koloni angaat—in *naam***

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

nog 'n Bond, mar in werkelikheid di B.B. Vereniging, soos dit vroeger bestaan het.

Ander, misskien nog hinderlike, artikels sal sig gemaklik genoeg lat wysig, en di aneensluiting van di twe liggame is so kompleet as di vereniging tussen kat en muis, as di eerste di laaste binne het. Verenig met di kat, hou di muis eenvoudig op te bestaan, en so oek alle mogelike verskil tussen di twe.

Pragtig!

Wat is so'n vooruitsig skoon!

Bowedien maak di jingoes en vyande van di Bond sig daarme sterk, en hou vol:

dat ons so 'n geheim plannetji in sin had;

dat ons te dom was om dit geheim te hou;

dat hulle slim genoeg was om dit te ontdek,

loyaal genoeg om ons bose sameswering openbaar te maak;

dat ons nog eerlik genoeg was om dit met 'n daad te erken,

grootmoedig genoeg om terug te trek na ons geheim verklap was,

dat ons nou onder di drang van omstandighede, oek o so loyaal is, ens.

Kan dit nog fraaier?

Waarlik ni.

Langs di weg kan ons met di jingoes verenig worde, soos di Bond met di Vereniging; soos di muis met di kat.

Alle geskille hou op.

Ons woon lielfik same.

Di jingoes heers en dikteer.

Di Afrikaner is stil en gehoorsaam.

En di gehate "Dutch Boers" word ni meer gehoor ni, omdat hulle vir goed di swye opgeleg is.

Verrukkelik skoon!

Heerlike toekoms!

Wi kan sig iets heerlikers denk?

Wat sal di werkelikheid ni wees ni?

Dis amper te mooi om waar, te anlokkelik om verwesenlik te kan worde.

En tog di weg daartoe is angewese, is eenvoudig en maklik.

Wil ons na pratjies en beskuldigings van jingoes en vyande van land en volk luister, dan ni slegs hier en daar 'n *verandering* in di Bond voorgestel ni.

Di Bond self is di hinder.

Dus mar deurtastend gehandel.

Is daar dan ni een of ander Tak, wat in plaas van losmaking van Transvaal en Vrystaat, ontbinding van di Bond in syn geheel wil voorstel en as beskrywingspunt an di Provinciaal Bestuur opstuur ni?"

Die voorstel van afskeiding het uitgegaan van die distriktsbestuur van Murraysburg. Ons lees daarvan in die Kongres-verslag van 1886 dit:—

"De heer Hauptfleisch zeide dat het Murraysburgse distriktsbestuur een resolutie over de zaak had gepasseerd die luidde als volgt:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"Aangezien het in de gevoelens van deze vergadering bepaald wenselik geacht wordt dat in belang van de Koloniale Afrikaner Bond en Boerevereniging er stappen genomen worden waardoor de Bond in de Kolonie zich afscheide van andere dergelyke organisaties buitenslands, en zyn Konstitutie zo veranderd worde dat zyn werkzaamheden zich tot de Kolonie bepalen, zo nodigt het distriktsbestuur van Murraysburg alle Bondsafdelingen in de Kolonie uit deze zaak in haar ernstige overweging te nemen en haar by de volgende vergadering volgens de gevoelens van de meerderheid te regelen. Zy verklaart zich verder ten gunste van een korresponderende kommissie, samengesteld uit leden van het Provinsiaal Bestuur, aan wie zy de belangen van de Koloniale Bond wenst opgedragen te zien, gedurende het reces van het Provinsiaal Bestuur, met vryheid om met de Bondsafdelingen in de Vrye Republieken te korresponderen over zaken die het belang van geheel Zuid Afrika gelden."

"Deze resolutie was gepasseerd omdat zyn tak er bezwaar in zag dat het Centraalbestuur macht had wetten te maken, die bindend waren op de Koloniale Bond. Hy stelde voor het beginsel aan te nemen, uitgedrukt in de resolutie van de tak Murraysburg.

"De heer Van Rensburg was tegen enige konnektie met Transvaal en Vrijstaat die strydig was met de plichten van Kolonisten als Britse onderdanen. Hy had echter niets tegen een Kommissie uit de Kolonie en de twee Republieken, die zaken van onderling belang kon bespreken.

"De heer Coetsee meende, als men het Centraal Bestuur afschafte kon men alle hoop op een Verenigd Zuid Afrika laten varen. Men verlangde natuurlik geen ander Verenigd Zuid Afrika dan een onder de Britse vlag. Hy diende het volgende voorstel in:—

"Deze vergadering hecht haar vertrouwen aan het Centraal Bestuur, en is verder van gevoelen dat men nimmer konfedereren zou als men het Centraal Bestuur afschafte. Ofschoon deze vergadering in geen geval het konfederatieplan met kracht wil doordryven, acht zy het noodzakelik dat de drie Staten samen werken om daardoor een Verenigd Zuid Afrika te verkrygen onder Britse protektie, en besluit dus in geen geval het Centraal Bestuur af te schaffen."

Die voorstel—Coetsee werd aangeneem. (*P.* 23 Apr. '86).

### VERENIGING VAN BOND EN BOEREVERENIGING.

Op die Nasioniale Kongres van Cradock (1882), het die kwessie van vereniging tussen die twee liggame ter sprake gekom. Mnr. Hofmeyr het daar sterk voor gepleit. Eindelik werd hierdie voorstel aangeneem :—

"De heer G. F. Joubert, gesekondeerd door de heer Marais van Beaufort West, stelde hierop voor : "Dat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

deze vergadering, het wenselik achtende dat de Afrikaner Bond en de B. B. Vereeniging zullen worden verenigd, besluit een kommissie aan te stellen om de regels van de A. Bond en B. B. Vereeniging te nemen en daaruit een konstitutie te vormen en aan de verschillende takken van beide lichamen voor te leggen, en dat daarop een kongres van gevolmachtigden van alle takken zal worden gehouden om de finale vereniging tot stand te brengen." (*Tolk*, 29 Sept., '82).

Mnr. D. F. du Toit kon die Kongres nie bijwoon nie. Hij was editeur en skoolmeester tegelijk, en had sijn hande vol werk. In sijn artikel van 3 Nov., het hij toen die volgende besware teen die Kongresbesluit aangevoer :

" 1) Word naam en konstitusie oorgelewer aan 'n nuwe bewerking, alsof die oue nie deug nie;

" 2) word duidelik dat die Program van Beginsels (waaroor later) op die Kongres vervalle soal nie verworpe is;

" 3) word die vorming van 'n Prov. Bestuur vertraag.

„Om kort te gaan, di Bond het op di Kongres 'n volslage neerlaag gelij en di Vereniging 'n grote o'erwinning behaal. Bondsmanne daar teënwoordig het alles prijs gegee."

Hoekom so kwaai? vraag die leser. Was die "Patriot" dan nie voor 'n goeie verstandhouding of selfs vereniging nie? Ja, maar die ding het anders geloop als wat hij gedag het. Lees maar wat een van die Kongreslede gesê het op 'n vergadering van die Bedfordse Tak :—

De Voorzitter nodigde hierop de hr. N. P. van der Meulen uit om zijn verslag aangaande zijn verrichtingen als afgevaardigde op het Kongres te Cradock te geven, waaraan deze bereidwillig voldeed. Hij begon met te zeggen, dat hij reeds in de maand Maart als afgevaardigde naar Graaff-Reinet was gegaan ter bijwoning van een Algemene Vergadering van leden van de Afrikaner Bond, ten doel hebbende het kiezen van een Provinsiaal Bestuur en een Centraal of Hoofd Bestuur. Tot zijn verwondering had hij daar bijna even zoveel leden van B. B. Verenigingen als Bondmannen ontmoet, terwijl hij gedacht had dat die vergadering uitsluitend voor de Bond was. Dit had ten gevolge, dat er van de gehele zaak van het kiezen van die besturen niets kwam, en dit kon ook niet anders, daar personen geen leden van de Bond zijnde zich niet in die zaak mochten mengen, ofschoon zij zich voordeden als leden van de Bond zelve. Ik hield mij eerst echter stil denkende, dat die mensen misschien van plan waren tot de Bond over te komen, maar toen er nu een beschrijvingspunt aangeroerd werd betrekke ik de naamsverandering van de Bond en zijn ineensmelting met de B. B. Ver-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

enigingen was ik nog meer verbaasd, overtuigd zijnde, dat de Bond nimmer van plan kon wezen zijn naam op te geven of er afstand van te doen. Op mijn vraag vanwaar of wie dit beschrijvingspunt uitgegaan was, bleef men mij het antwoord schuldig. Na enige diskussien over de zaken boven aangehaald werd eindelik beslist dat het punt aangaande de verkiezing van Provinsiaal en Hoofd Bestuur, zowel als het punt aangaande de naamsverandering van de Bond, later en wel in de maand September op een algemeen Kongres te Cradock te houden, zou uitgemaakt worden en zo keerden dan onze afgevaardigden na vrij aanzienlike onkosten gehad te hebben onverrichter zake van Graaff-Reinet huiswaarts, alleen de hoop medenemende, dat op Cradock alles recht zou komen. Bitter vonden ik en andere oprechte Bondsmannen ons evenwel in deze hoop teleurgesteld en bedrogen, toen wij nu onlangs het genoemde Kongres als afgevaardigden bijwoonden. Ik zou een vrij lang verhaal kunnen doen, van wat er op dat Kongres gebeurd is en hoe de talrijke beschrijvingspunten zijn behandeld, maar de tijd laat niet toe dit alles in het brede aan te roeren en ik dacht het ook overbodig, daar de meesten zo niet allen uwer onze hoofdartikelen van tijd tot tijd over de verrichtingen van het Kongres in de "Oprechte Afrikaner" geplaatst, gelezen hebben en ik dus hier slechts in herhalingen zou vallen. Ik moet echter aanmerken dat ik uit de gehele loop van zaken duidelik meen bespeurd te hebben dat er een ver van vriendschappelike houding jegens de Bond heerste, hoe kunstig men trachtte dit te bedekken door vleiende en welsprekende woorden en wel dikwels van mannen die eerst uitgegeven hadden dat zij met hart en ziel voor de Bond waren en onder deze zelfs enkelen die hun namen als leden, van de Bond getekend hadden. Dit kwam duidelik uit, vooral toen het punt van de naamsverandering besproken werd. Ik verzette mij met alle kracht tegen elke verandering in de naam van de Afrikaner Bond en toonde aan dat dit hoogst ongerijmd zou wezen, terwijl ik in die geest een voorstel aan de vergadering deed; maar toen ik hoorde dat er 'n Kommissie zou worden benoemd om dit punt in overweging te nemen en later omtrent haar resultaat al de takken van de Bond bekend te maken, zodat de meerderheid dan kon beslissen, moest ik mij hiermede te vreden stellen. Intussen heeft alles op het Kongres mij doen zien dat de Afrikaner Bond waakzaam en op zijn hoede moet wezen en dat 't tans hoog tijd voor hen is voor zich zelve allen werkend op te treden : daarom herhaal ik, dat wij van heden af zonder enige vreemde invloed zelve de handen aan het werk moeten slaan om zoveel in ons is, als ware Afrikaners, de Bond te ondersteunen en hem meer en meer te maken, wat zijn eigenlik doel is, het middel, namelik, om heil en voorspoed voor ons land en volk te bewerken. Ik neem de vrijheid u het volgende voorstel ter overweging voor te leggen en twijfel niet of gij allen zult er, als trouwe Bondsmannen, uw goedkeuring aan hechten." (*P.* 27 Okt. '82.).

Die poging daarop deur die Bedfordse tak aangewend om 'n Provinsiale Bestuur te vorm en afgevaardigdes naar 'n Sentraal Bestuur te kies, het misluk om-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dat op hul versoek te Richmond slegs 2 Distriksbesture en 15 wijksbesture verteënwoordig was—dus te min volgens die geldende konstitusie om besluite te kan neem. (*P.* 8 Dec., '82).

Die verenigingskwessie het die "Patriot" in sijn no. van 15 Sept., aldus bespreek.

"Uit di telegramme sal ons lesers sien dat di Kongres al heel wat punte besproke het. Vollens telegramme het meneer Hofmeyr ineensmelting van Bond en Vereniging voorgestel onder di naam van Afrikaner Bond en Boeren Beskermings Vereniging. Di punt is egter verwys na 'n kommissie wat uit di twe konstitusies een moet opstel, om an di verskillende Takke van Bond en Vereniging, en dan weer an 'n ander kongres, vollende jaar in April voorgeleg te worde. Natuurlik wil ons eers meer daarvan hoor voor ons 'n bepaalde opinie uitspreek. Ver di teenwoordige merk ons slegs op: dat di *naam* Afrikaner Bond dan ni so 'n skrik moet wees as vyande van di Bond en selfs di *Middelburg Getuige* dit voorgestel het ni, daarom kan dit behou worde. Mar waartoe dan di verlenging? waartoe 'n ander konstitusi? Is dit angetoon dat di Bond konstitusi te nou en beperk is om di Vereniging op te neem? of is dit gebruikelik dat by 'n huwelik di vrou haar Van agter di man syn anlas? (Bond is vollens Holl. taalreels mos mannelik en Vereniging vrouwelik.) Of moet dit oek 'n huwelik wees soos tussen *Zuid Afrikaan en Volksvriend* geslote is, waarby eersgenoemde wel syn *naam* behou het, mar feitelik in laasgenoemde opgelos is; zodat intekenaars op eersgenoemde voortdurend in *naam* di *Zuid-Afrikaan* ontvang, mar met intekenaars op laasgenoemde di *Volksvriend* lees? Ons het vooraf geseg dat ons ni an 'n *naam* sal bly hang ni, mar sal dan oek ni met di *naam* tevrede wees ni. En ons is teen 'n onnodige verlenging. Die toevoegsel sal tog mar in di samelewing 'n dooi letter wees; dit verstaat elkeen. Wel te verstaan, ons skort ons opinie op ver later."

Die profesie aangaande die naam het uitgekom—die agtervoegsel "Boerevereniging" het 'n dooie letter geblij. Karakteristiek is wat iemand hieromtrent gesê het op 'n vergadering van die tak- Hanover: „De Afr. Bond treedt in het huwelik met de B. B. Vereniging, en een huwelik waar man en vrouw beide hun namen behouden, deugt niet; als het een waar huwelik is, dan moet miss B. B. Vereniging haar naam maar opgeven en juffrouw Afrikaner Bond worden". (*Tolk*, 27 April, '83).

Of egter die vrees, dat die Bondsbeginsels deur die van die "Vereniging" sou oorheers word, denkbeeldig was, moet die leser, bij die lig van wat sedert gebeurd is, maar self uitmaak.

Die vereniging het tot stand gekom op die Kongres van Richmond in 1883, en die "Patriot" het die Bonds-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

manne aangeraai om hart en siel saam te werk (1 Junie '83).

Omtrent die intieme geskiedenis van die vereniging het Oom Loko, wat daar teënwoordig was, ons heelwat meegedeel. Ons het dit opgeteken, maar dis nog nie vatbaar vir publikasie nie.

## DIE KONSTITUSIE.

Die oudste takke van die Bond werd gestig op die "Express"- konstitusie, soos ons gesien het. Later, na die vereniging, werd 'n ander algemene en provinsiale konstitusie te Richmond opgetrek.

Die Pêrlse editeur het daarvan gesê (hoewel hij self daaraan moes meehelp) dat die konstitusie te groot en ingewikkeld is en dat aan die Provinsiale Bestuur teveel mag verleen werd, sodat die konstitusie in die opsig in strijd is met die gees en bedoeling van die Bond (6 Apr. '83). Die "Patriot" het in 1885 aldus geklaag :—

„Di opklimmende besture is daar om te sien hoe hulle in di eerste plaas op konstitusionele wyse uitvoering kan ge an di wens en begeerte van di volk, ni om di volk wette en regte voor te skrywe ni.

„Dit is doel van di Bond.

„So behoort dit te wees.

„Mar gaat dit altyd so? Is dit ni dikwils net omgekeerd ni?

„In plaas van te vra na di stem van di volk, lat di Besture hulle eie stem hoor, hulle eie wens en begeerte gelde en kom slegs by di volk anklop om geld, naamtekenings en wat nodig is om dit uit te voer.

„Oek in teori, mar veral in praktyk, ontbreek daar an ons organisasi nog veel.

„Wyksbesture verteënwoordig ni altyd, oeral en in alles di gevoele van di wykstakke of lede in di wyke ni.

„Distriksbesture is netsomin altyd, oeral en in alles saamgestel uit manne, wat kan geseg worde di gevoele van die distrik te verteënwoordig.

„Met Provinsiale Besture sal dit ni beter gesteld wees ni.

„Daardeur moet di Bond syn doel mis.

„Hier is dus 'n belangrijke punt om op te let. Persone wat ni di gevoele van hulle takke verteënwoordig ni, kan slegs as *afgevaardigdes* na hoger Besture gaan, ni as *verteënwoordigers* ni." (27 Febr. '85).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Op die eerste vergadering van die Sentraal Bestuur werd ook 'n Algemene Konstitusie opgestel, waarin deur die Prov. Bestuur van die Kaapkolonie slegs weinige wijsiginge werd voorgestel. (*P.* 23 Apr., '86).

Na sijn terugkoms uit Transvaal het Ds. Du Toit weer jarelang hom als Bondsman laat gelde. Gereeld werd hij deur die Paarl naar die jaarlikse Kongresse afgevaardig. Ook het hij lang gedien op 'n belangrike kommissie, n.l. die van Toesig op Eleksies. Hij was steeds een van die ijwerigste en bekwaamste lede van die Kongres, 'n man met wie ernstig moes rekening gehou word.

Dis onmolik om sijn arbeid in hierdie opsig verder te vervolg. Die belangstellende leser word naar die Notule-boekies van die Kongresse verwijs. Ds. Du Toit het steeds blij veg vir die beginsels, wat sijn strijd en strewe gekenmerk het. Glad het dit nie gegaan nie, want 'n mens kan gerus sê, dat sedert die saamsmelting met die Boere-vereniging, die Bond twee harte in sijn lijf gehad het. In 1885 het prof. Cachet in "Zwarte Pilletjes" sig daaromtrent aldus uitgelaat:

"Geld is schaars hier in ons arme landje. Regen in partij distrikte nog schaarser, naar *beginselen* is het schaarst van alles. Die goed lijkt in Afrika nie te aard nie.

De Bond heeft zo een tijdje een soort van beginsel gehad; maar is nu van plan om op de eerste Provinsiale vergadering het op te geven, als te lastig voor dageliks gebruik.

Ik heb lust ook een beschrijvingspunt in te sturen: namelik, dat Bond en B. B. Vereniging weer scheiden. De Bond was zo een kleine Simsonnetje, klein maar hij kon groeien, doch de B. B. Vereniging als een andere Delila heeft hem de haren afgesneden. Nu is Bond Kaal-kop, en kan de Jingoes niet baas raak. Net nou moet hij meule draai, maar zijn hare sal weer groei, as hij mar eers van Delila af is, en dan moet die Jingoes weer oppas!" (*P.* 30 Jan. '85)

In dieselfde trant is die "Zwarte Pilletjes" van 1886:—

"Van mijn "ou Oom" heb ik maar slechte tijding gekregen. Zijn ou hond "*Bond*" is in een zwakke toestand. Ik twijfel of hij ooit weer zal recht komen.

"Ik heb mijn oom dikwels genoeg gezegd: "Pas op voor die dorpsvrienden"; maar hij wou niet luisteren, en nu hebben die dorpsvrienden "Bond" een pil ingegeven.

"Die pil is gemaakt van Engelse Craft, Hollandse Jan Salie en Afrikaanse onnozele onverschilligheid. De arme hond is geheel lam in zijn achterlijf; zijn blaffen is al te snaaks, één ogenblik blaft hij als *Boel*, en dan weer als "Bond." Zijn stem is het meest veranderd.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"Gelukkig heb ik in tijds een klein hondje van die soort gekregen, dat ik nu groot maak om als "Bond" dood is voor oom te geven. Hij zal dan zeker veel beter oppassen." (*P.* 23 Apr. '86).

DIE PIRAMIDE OMGEKEER.

Eindelik, in 1898 het Ds. Du Toit die Bond verlaat, nadat op die Kongres te Worcester 'n besluit aangenome werd, wat die Bonds-piramide, naar die mening van Ds. Du Toit, omgekeer het, kop naar onder.

Hij seg in sijn verantwoording: "De Bond was een echt demokratiese organisatie, werkende van beneden naar boven, rustende op een brede basis en uitlopende in één spits; beginnende met wijksbesturen en vandaar opklimmende door distriktsbesturen en Provinsiale Besturen, kulminerende in het Centraal Bestuur. Lang zocht het oude autokratiese zuurdesem der B. B. Vereniging de overhand te krijgen in de verenigde organisatie."

Eindelik is het gebeurd, seg Ds. Du Toit. Hij geef hierdie beskrijwing van hoe die gewraakte artikels aangeneem is :—

"Sedert 1891 was schrijver dezes steeds lid van de Kommissie van Toezicht samen met de heren Hofmeyr en De Waal, en de gewoonte was steeds dat de heer Hofmeyr en schrijver dezes als naast bij elkaar wonende, het jaarverslag van de Kommissie opstelde en dan naar de heer [N. F., nu Sir Frederik] De Waal ter goedkeuring verwees. Dit jaar kwam de heer De Waal echter vooraf naar de Kaap, hij en de heer Hofmeyr schreven het verslag, zonder dat schrijver dezes er iets van wist, en midden in de drukke zittingen van het Kongres legde de heer De Waal aan schrijver dezes het verslag voor met verzoek het te tekenen daar hij het des namiddags aan de orde wilde stellen. Een vluchtige blik was echter genoeg om schrijver dezes te doen besluiten zijn naam onder dat stuk niet te plaatsen, maar een Minderheids-Rapport als protest daartegen in te leveren. In dat *rapport* toch werd aanbevolen twee nieuwe artikelen in de Provinciale Konstitutie van de Bond voor de Kaapkolonie te voegen, waardoor de grondzuilen van de Bond geheel werden omvergehaald en de pyramide op haar spits werd omgekeerd. Deze nieuwe bepalingen zijn als volgt:

"1. Als een nieuw Artikel IX:—"Wanneer het Provinciaal Bestuur de overtuiging erlangt, dat de Bond en Boeren Vereniging in een of meer wijken of distrikten is geraakt onder invloed die nadelig is voor of vijandig tegen de organisatie, zal het de Bond en Boerenvereniging in zodanige wijk of wijken, distrikt of distrikten, per resolutie mogen ontbinden, de baten latende ter beschikking van de alsdan in functie zijnde bestuursleden, en zal het stappen mogen nemen om de Bond en Boerenvereniging in zodanige wijk of wijken, distrikt of distrikten op meer gezonde grondslag te reorganiseeren."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"II. Als bijvoegsel bij Art. XV *g*:—" Zij zal tevens mogen weigeren om iemand die onder Artikel X of XI is gekozen, als Bondskandidaat aan te kondigen, en Artikel XIV in zijn voordeel toe te passen, indien zij meent dat zij door zodanige weigering handelt in de geest van trouwe Bondsmannen en Bondsbelangen bevordert."

"Daartegen bracht schrijver dezes de volgende bezwaren in:

"4. Tegen het voorgestelde nieuw Artikel IX heeft de ondergetekende bezwaar te delen in de aanbeveling, om de volgende redenen:—

(*a*) Dat zij niet valt binnen de jurisdiktie van de Kommissie van Toezicht en het dus buiten haar bevoegdheid ligt zulk een aanbeveling te doen; want dan zou zij enige invulling in de Kon stitutie kunnen aanbevelen terwijl zij tot heden zich steeds heeft bepaald tot aanbeveling van wijzigingen haar roeping rakende, waarop het geval geen uitzondering maakt toen haar in 1895 spesiaal werd opgedragen als Kommissie van Revisie de gewenste veranderingen te redigeren;

